KAMMANUUS
Nommer 315 17 Oktober 2011
'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Ons braai in Sandland – met al die 'trimmings'

Môre môre Maatjies!
Dié week sommer ’n hele paar rieme onder die hart, want soveel van julle het reageer op versoeke vir staaltjies en stories. Onthou, ons gee voorkeur aan bydraes wat nie langer as so om en by die 600 woorde is en wat meer as net ’n knippie humor in het.

Daar het stories ingekom van perdekarre, petrolbomme en poliesmanne. Selfs ’n ou skoolmaatjie van my, met ’n van vir ’n naam, het vir ons laat weet om te gaan kyk na sy stoepstories oor sy geboortedorp. Die skakel is: www.vanwyksvlei.org.

Dan vra iemand laas week vir my of ons Duskantland se braaiery mis en of ons ooit darem nog braai. Die kort antwoord op albei vrae is, ja, beslis! Ons mis miskien die manier van braai en ook die omgewing waarin ’n mens braai. Maar braai, braai ons.

Ons het ’n braaiseisoen van Oktober tot April hier in die Midde-Ooste. Dis regtig net mal Engelsmanne en brandsiek brakke wat in hierdie plek se somer in die buitelug sal wil braai of gholf speel. En natuurlik Pieter Fourie. Maar hy is ’n Blou Bul-ondersteuner en van hulle kan jy enige iets verwag.

Die fyn woestynstof sal eersdaags afgestof word van die Weber namaaksels en elkeen sal op sy eie manier en op sy eie plekkie ’n vuurtjie aansteek. Suid-Afrikaanse bier is hier nie, maar die Indiese Kingfisher lager gaan net so goed af op ’n dors dag.

Ekself verkies ’n goeie Boschendal shiraz of selfs ’n Roodeberg om te help met die vuur se aansteek. Mens dink dis duur om hier R200 en meer vir ’n goeie wyn te betaal, maar onthou daar is geen belasting nie en ons verdien maklik twee keer die salaris van Duskantlanders. Dus bly dit relatief goedkoop.

Kamermaatjie smokkel ook mieliepap in. Wat is nou lekkerder as ’n paar tjoppies en ’n stuk gebraaide boerewors wat Eugene vir ons hier in Doha maak, saam met mieliepap en haar skerp giftige tamatie en uiesmoor? Wat ek wel mis, is ’n Karoo-lamtjoppie. Die Ozzie en Kiwi skapies wil maar net nie lekker smaak nie.

Ook dat ons hier op die dooie dakstoep van die villa moet braai en nie in ’n oop groen tuin of in ’n lapa nie. Ek was voorheen bederf met Charka brikette en het my hier vrek gesoek vir iets soortgelyk. Later maar berus by sulke baster halfgebakte Australiese klontjies. Toe bring Leon Rost nou die dag vir my so ’n streepsak vol houtskool hier van die lokale mark af.

Mense, nooit braai ek weer met iets anders nie! Perfek rond en reguit stukke houtskool. Van so dun soos jou duim tot so dik soos ’n piksteel. Pak mens daai outjies nou soos die Voortrekkers jou geleer het in ’n vierkant stapeltjie (varkhokkie) dan kan jy ’n bees braai nadat die vuurtjie eers lank en lekker geknetter het.

Wat ook die selfde bly is dat ons hier ook vir Mammie al die moeite van kosmaak spaar deur so gereeld te braai. Al wat sy hoef te doen is om die ou paar bykossies te maak, die braaigereedskap en vleis voor te berei, en die tafel te dek.

Dan net so nou en dan die drankies aanvul terwyl ons mans dors staan en swoeg en sweet voor die vuur.

Dinge en plekke verander, maar gewoontes bly tog maar oral die selle.

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

SÓ TEKEN JY IN OP KAMMANUUS
As jy lekker lees aan Kammanuus en dit dalk selfs vir 'n paar vriende aanstuur, kan jy dit gerus oorweeg om in te teken en te help om die onkostes te dra. Intekengeld : R120 per jaar. Hiervan skenk ons R20 aan die Yade-tehuise vir bejaardesorg.
Ons Bank: Eerste Nasionale Bank - Sandton
Rekeninghouer: Tsamma Enterprises. Tipe Rekening: Tjek
Rekeningnommer: 620 596 474 23 Takkode: 254 605

Om die kampvuur

Laaste woorde

"Toe nou, my goeie kêrel. Dis nie nou die tyd om vyande te maak nie."
-- Voltaire se reaksie toe die priester hom op sy sterbed vra om die duiwel af te sweer.

"God sal my vergewe. Dis hoe Hy werk."
-- Heinrich Heine (1797—1856), Duitse digter en skrywer.

"Weg is jy! Maak spore! Laaste woorde is vir gekke wat nog nie genoeg gesê het nie."
-- Karl Marx (1818-83) aan sy huishoudster.

"Selfs in die vallei van die doodskaduwee is twee en twee nie ses nie."
-- Leo Tolstoy (1828—1910), Russiese skrywer, wat weier om op sy sterfbed met die Russies Ortodokse kerk te versoen.

"Neem een tree vorentoe, manne. Dit maak dit makliker."
-- Erskine Childers (1870—1922), Brits-gebore outeur en Ierse patriot se laaste woorde voordat hy deur 'n vuurpeloton gefusileer is.

Boesman se definisie van 'n by

Daai groot vlieg wat die blom eet en die jêm poep. Hy het nie die tand by sy bek, maar hy loop met die skerp assegaai by sy hol.

Manlik of vroulik?



Treine is definitief manlik, want hulle gebruik altyd dieselfde lyne om mense op te tel.

Die logika van 'n kind

Hierdie is 'n ware verhaal, wat net toon hoe fassinerend die brein van 'n sesjarige werk.
Hulle dink tog so logies.

Die onderwyser was besig om die storie van die drie varkies vir haar klas te lees. Sy kom by die deel waar die eerste varkie materiaal vir sy huis soek.

Sy lees: "En so gaan die varkie na 'n man wat 'n kruiwa vol strooi het, en hy sê: 'Verskoon my, meneer, maar kan ek van die strooi kry om my huis te bou?'"

Die juffrou huiwer daar, en vra toe vir die klas: "En wat dink julle het die man gesê?"

Die een seuntjie steek sy hand op en sê baie as vanselfsprekend: "Ek dink die man sou gesê het . . . 'Goeie genugtig! 'n Vark wat kan praat!'"

Dames/regte vroue

Dames gebruik 'n washandskoen om bottels oop te maak wat vassit.
Regte vroue gaan vra daardie aantreklike nuwe buurman.

Dames gooi die oorskietwyn in ysblokkie-houers, vries dit en gebruik dit later in sous en geregte.
Regte vroue: Oorskietwyn? Wat jy wáár kry?

Dinge wat jy graag by die werk wil sê

1. Ek kan my al voorstel hoe jy lyk met kleefband oor jou mond.
2. Niemand verstaan jou nie, en dis nie omdat jy 'n kunstenaar is nie.
3. Wie het jou tampon se lont aangesteek?
4. Dit klink na Engels, maar ek het geen idee wat jy sê nie.
5. Ek hou van jou. Jy herinner my baie aan myself toe ek jonk en onnosel was.

Goeie raad vir jou dogter wat man soek

• Moet nooit 'n man se gedagtes laat dwaal nie - dis te klein om alleen buite te wees.
• Kry vir jou 'n jonger man - hulle word in elk geval nooit volwasse nie.
• Mans is almal dieselfde, net hul gesigte verskil sodat jy hulle uiteen kan ken.
• Definisie van 'n alleenloper: 'n Man wat die geleentheid misgeloop het om 'n vrou miserabel te maak.
• Vroue maak nie gekke van mans nie - die meeste van hulle is die doen-dit-self tipe.
• Die beste manier om 'n man sover te kry om iets te doen is om voor te gee hulle is te oud om dit reg te kry.
• Liefde is blind, maar die huwelik is 'n openbaring.
• As hy vra in watter boeke jy belang stel, sê tjekboeke.
• Onthou: 'n sin vir humor beteken nie jy moet grappe vertel nie; dit beteken jy moet vir sy grappe lag.
• Dis baie jammer, maar alle mans is eenders geskep.

MANS en VROUE se VERSKILLE

OPDRES

◇ 'n Vrou dres op om te gaan inkopies doen, om die plante nat te maak, die vullisdrom leeg te maak, die foon te antwoord, 'n boek te lees en die pos af te haal.
◇ 'n Man dres op vir begrafnisse en bruilofte.

KINDERS

◇ 'n Vrou weet alles van haar kinders: hul tandartsafsprake, romanses, beste vriende, gunsteling geregte, geheime vrese, ideale en drome.
◇ 'n Man is vaagweg bewus van kortvolkies wat saam met hom in die huis bly.

GEDAGTE VIR DIE DAG

'n Getroude man moet sy foute vergeet - dis onsinnig dat twee mense dieselfde dinge onthou.

STAMBOOM

BENN evvb1702@gmail.com
Ek is op soek na die Benn-familie wat in die Kaap gevestig het. Hulle het op Suurbraak in die Swellendam-omgewing 'n winkel gehad en die broers is later na George, Knysna en Oudtshoorn. Enige familie van hulle kan my kontak. Ek is besig met die stamboom en wil dit so volledig as moontlik maak.

BUYS ronel.jor@gmail.com
Ek is gebore Ronel Buys. My pa was Johannes Christiaan Buys. My pa was die jongse van 3 broers (Johannes Hendrik Buys) en (Johannes Loduwicus Buys) was sy twee broers. Hulle pa was Johannes Christiaan Buy,s gebore op 9 september 1893. Hy is oorlede op 6 Maart 1986 in Boksburg. My oupa het ook twee susters gehad, tant Driekie was die een suster. My pa se twee neefs was Johnny en Louis. Hulle is van Wellington-omgewing in die Kaap. My ouma was Hester Jacoba Kruger gebore 1896. My ouma en oupa is getroud op 28 Desember 1920 in die Paarl.

FAURIE amelia.maritz@mega.gov.za
Ons is besig met 'n Faurie-stamboom, en sal waardeer as enige iemand reeds inligting/navorsing hieroor gedoen het en kan help.

HURTER hurter.trust@gmail.com
Ek doen navorsing oor Hendrik Willem Hurter in 1748 in Amsterdam gebore. Arriveer in Kaap op Vredestein in 1768. Getroud met Elizabeth Catharina Bosch in 1784 en sterf naby George in 1796. Charlie Hurter (6de geslag).

OBERHOLZER potgiejw@telkom.co.za
Ek is besig om Oberholzer na te vors. My pa is Jacobus Petrus Oberholzer sy pa was Jan Hendrik Lodiwikus Oberholzer. My pa is getroud met Maria Magdalena Petronella du Toit. My oupa was getroud met Willemina van Niekerk.

PIEK christa@supertyres.com.na
Ek is 'n nooi Piek en sou graag meer van my oupa, Christoffel Johannes Piek, se familie wou weet. Hy is in die Vrystaat gebore en het later na Namibië verhuis. sy vader was Willem Adriaan Piek en sy moeder Aletta Johanna Marie Piek.

CONRADIE GESLAGSREGISTER www.afrikaner.co.za/pietwerf/conregis.txt

Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Vreemde stories van oraloor

'N MAN wat Nieu-Seeland toe geëmigreer het, het vir die tweede keer in sy lewe 'n spoedkaartjie ontvang - van dieselfde man wat hom twee jaar tevore in Londen sy eerste kaartjie gegee het.

"Ek het dit nogal amusant gevind," het konstabel Andy Flitton gesê. Hy het ook pas tevore uit Engeland in die land aangekom.

'N KANADEES wat 'n dooie vlieg in 'n bottel mineraalwater gekry het, het 'n eis ingestel vir die trauma wat sy sekslewe en sy haarkappersaak geruïneer het en dit moeilik maak om 'n stortbad te neem.

Waddah Mustapha het nooit die bottel oopgemaak nie en 'n hof het hom $340000 as kompensasie aangebied. Hy is nie tevrede nie en het nou appèl aangeteken.

'N TROETELSKILPAD in Sjina het aan nikotien verslaaf geraak nadat hy 'n smeulende stompie in sy eienaar se tuin opgetel het.

Sy eienaar, Li Yun, het gesê die skilpad rook nou tot tien sigarette per dag, en raak baie nukkerig as hy dit nie kry nie.

"Wanneer ek 'n sigaret opsteek, kom hy nader en skuif rond totdat ek hom die stompie gee."

Kongreslid kla oor weervoorspellings

NET WANNEER jy dink jy het die laaste onnoselheid uit Amerika gehoor, kom hierdie een te voorskyn:

'n Swart vrou (Sheila Jackson Lee van Houston) het in die kongres gekla omdat orkane altyd Kaukasiese name het.

Sy verkies dat name ook die Afro-Amerikaanse kultuur moet reflekteer, soos Chamiqua, Tanisha, Woeisha, Shaquille en Jamal (sonder grappies!)

Sy wil ook hê weervoorspellings moet gelees en geskryf word in 'n "taal" wat die gewone mense kan verstaan, want sy het gehoor dis een van die probleme wat in New Orleans geheers het: Swart mense kon nie die erns van die situasie verstaan nie weens die bevooroordeelde, rasgebaseerde taal in die voorspelling.

Dis skynbaar moeilik om te verstaan wat bedoel word as die voorspelling praat van winde van 140 myl per uur.

Ek hoor al hoe die weervoorspeller in New Orleans sê:

"Wazzup, mutha-fukkas! Hehr-i-cane Chamiqua be headin' fo' yo ass like Leroy on a rocket! Bitch be a category fo'! So, turn off dem chitlins, grab yo' chirren, leave yo crib, and head fo' de nearest FEMA office for your FREE shit!"

Uitnodiging in 'n kroeg

SY HAD 'n paar stywe doppe agter die blad toe sy op haar kroegstoeltjie omdraai en hom vol in die oë kyk en sê:

"Luister hier, jou aantreklikie man, ek spyker enigeen, enige tyd, enige plek: Jou plek, my plek, in die kar, by die voordeur, op die grond, regopstaande, sittende, kaal of met klere aan, skoon of vuil - dit maak nie vir my saak nie. Ek doen dit al sedert ek uit die kollege kom en ek kan nie genoeg daarvan kry nie."

Die man se oë was in dié stadium al groot van belangstelling, en hy antwoord haar:

"Sonder grappies? Ek is ook 'n prokureur. Vir watter firma werk jy?"

Daar is skilders wat die son tot 'n geel kol transformeer. Daar is ander wat, met die hulp van hul talent en verstand, die geel kol tot die son transformeer. -- Pablo Picasso (1881 - 1973)

Giggels

Merk jou bydrae GIGGELS en pos dit aan pos@onsdorp.com

AMERIKA teen RUSLAND

TEVERGEEFS

Al manier om uit Lentegeur-gestig, is om oor die hek te spring.

Een pasiënt oefen weke lank om hoog te spring.

Een aand voel hy, hy is nou reg. Hy groet sy vriend en sluip uit. Maar kort daarna is hy terug.

"En nou?" wil sy vriend weet.

"Nee, man," antwoord hy, "die hek is oop. Ek sal maar môreaand weer probeer."

VREESLOOS

'n Man ry in sy kar en 'n polisieman trek hom van die pad af.

"Meneer, het jy enige vuurwapens aan jou?"

"Ja," se die man. "Ek het 'n 9 mil op my heup, 'n 45 aan my enkel, 'n .22 onder my sitplek en 'n haelgeweer in die kattebak."

"Jislaaik meneer, waarvoor is JY bang?" vra die polisieman.

"Vir f*okk*l Pappie, f*kk*l!"

SKAAM SANNIE

Sannie is ses jaar oud en kom by die huis van die skool af. Sy't haar eerste gesinsvoorligting by die skool gekry.

Haar ma vra belangstellend hoe dit gegaan het. "Ek skaam my morsdood" antwoord Sannie. "Kosie hier oorkant sê 'n ooievaar bring die babas. Annie sê dat jy 'n baba in die kinderhuis kan koop en Pietie sê jy kry babas by die hospitaal," sê sy amper in trane.

"Maar Sannie dis tog nie iets om jou oor te skaam nie," sê haar ma laggend.

"Nee, maar ek durf nie vertel dat ons so arm is dat pappa ons self moes maak nie!"

VASBERADE DORS

Die pa stuur sy klein seuntjie bed toe. Vyf minute later hoor hy:

"Paaa!"

Pa: "Wat nou?"

Seuntjie: "Ek is dors, kan pa vir my water bring?"

Pa: "Nee, jy het jou kans gehad. Ligte af en slaap."

Vyf minute later:

Seuntjie: "Pa!"

Pa: "Wat is dit?"

Seuntjie: "Ek is dors. Kan pa vir my water bring?"

Pa: "Ek het gesê nee. As jy weer vra, gaan ek jou voeter!"

Vyf minute later:

"Paaaa!"

Pa: "Wat nou? Ek dog jy slaap lankal!"

Seuntjie: "As pa my kom voeter . . . Sal pa vir my water bring?"!

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker

By die tou in die winkel het die kassier vir die ouerige dame gesê sy moet haar eie inkopiesakke bring omdat plastieksakke sleg is vir die omgewing.

Die tante het verskoning gevra en gesê in haar tyd was daar nie so iets nie.

"Wel, dis julle probleem vandag. Jou generasie het nie vir die omgewing omgegee nie," sê die kassier.

Sy was reg, ons het nie die groen ding gehad nie.

• Ons het wel ons melkbottels, koeldrankbottels en bierbottels na die winkel teruggeneem. Die winkel het hulle teruggestuur fabriek toe, waar hulle gewas, gesteriliseer en hervul is – sodat ons dieselfde bottels oor en oor kon gebruik.

Maar ons het nie die groen ding gehad nie.

• Ons het trappe geklim want daar was nie oral roltrappe nie.

Maar ons het nie die groen ding gehad nie.

• Ons het na die winkel geloop en nie op 'n 300 perdekrag masjien geklim om twee blokke ver te ry nie. Dit was veilig.

Maar ons het nie die groen ding gehad nie.

• Ons het die babas se doeke gewas, want daar was nie weggooidoeke nie. Ons het klere op 'n draad gedroog, nie in daai energievretende masjien wat 220 volt gebruik nie. Wind en sonkrag het ons klere gedroog. KinderS se klere is van groot tot klein aangegee, en dit was nie altyd nuut nie

Maar die vrou was reg, ons het nie groen dinge in ons dae gehad nie.

• Ons het een TV of radio in die huis gehad, nie een in elke kamer nie. En die TV se skerm was so groot soos 'n broodbord en het nie die hele muur gevul nie. In die kombuis het ons gemeng en geroer met die hand en 'n spaan of vurk of 'n draaiklitser, want daar was nie elektriese masjiene wat dit kon doen nie.
As ons 'n breekbare item per pos versend het, is dit in koerantpapier toegedraai, nie in styrofoam of plastiekpapier met borrels nie.
Ons het nie 'n enjin aangesit en petrol verbrand om die gras te sny nie. Ons het 'n stootgrassnyer gehad wat met menskrag gewerk het. Werk was ons oefening, ons het nie na gesondheidsklubs gegaan, gewigte opgetel en soos 'n mal mens op een plek gestaan en fietstrap of hol op 'n vervoerband nie.

Maar ons het nie die groen ding gehad nie.

• As ons dors was, het ons van 'n fontein gedrink en nie elke keer 'n beker of glas vuil gemaak nie. Ons het ons penne hervul, pleks van elke keer 'n nuwe een te koop. Ons het stomp lemmetjies in 'n skeermes vervang en nie die hele skeermes weggegooi nie.

Maar ons het nie die groen ding gehad nie.

• Mense het met trems of busse gery en kinders het skool toe gestap of fietsgery, pleks dat hul moeders taxi gespeel het. En dit was veilig!
Ons het nie 'n hele bank muurproppe gehad nie, maar net een.
Ons het ook nie 'n rekenaar gehad wat 'n sein van 2000 km die ruimte in ontvang wat jou vertel waar die naaste pizza-plek is nie.

Is dit nie treurig dat die huidige generasie ons kwalik neem net omdat ons nie destyds 'n groen ding gehad het nie?

Versprei die boodskap aan al die japsnoete wat julle ken.

Deel 5

Die rowers se eerste inspeksie

DIRK BOSHOFF
vertel van sy opleiding voor sy deelname aan die Grensoorlog in Angola.

So staan ons inspeksie op ons heel eerste oggend. Korporaal Van Rooyen stap ons plek binne. Die eerste een wat die korporaal sien inkom, sal hard uitroep: "Vlug, aaaaaaandag!" Dan weet ons die korporaal is hier. So moet elkeen langs sy bed gaan staan.

Die korporaal skreeu sommer vir die naaste een: "Rowerrrr, bring jou kussing hierrrrrr! En beweeg jou siviele gat en kry rigting!"

Met 'n geoefende hand van iemand wat gereeld jukskei of rolbal speel pendeltuig hy die kussing in die gang af om vas te stel of daar 'n stoffie op die vloer verskuil lê. . 'n Deurskynende stofdeeltjie tref die korporaal se oog.

"Julle sifilis gaan ons uit julle kry rowersssssssss, julle plek lyk soos 'n hoer se handsak! Deurmekaar en vol gemors!"

Ons probeer vasstel wat nou eintlik vuil is, maar staan pennetjie regop langs ons beddens en sê niks. Haal amper nie asem nie. So sluip die korporaal by die een ry jong manne verby en dan weer terug in my ry.

Doubell se bed is langs my bed, en so staan hy en wag dat die korporaal hom bereik. Die korporaal staan voor hom stil en bekyk sy velddrag (brownies) wat hy aanhet.

"Wat de hel gaan met jou klere aan rowerrrrrrr? Ons het genoeg padkaarte. Watse *highway* loop langs jou moue af? Praaaaaaaaat!!" (Doubell het twee nate langs sy moue af gestryk.)

> "Jou gat gaan ek so toestop, jy sal nooit weer in jou lewe kan k-k nie!"

"Ek weet nie," sê Doubell.

Jy weet nie VARK?" skreeu die korporaal.

"Korporaal," sê Doubell. "Ek weet nie, korporaal"

So begin die korporaal sy vinger trek deur Doubell se varkpan, wat so 'n effense vetterigheid aanhet.

"Watse f-kk-n goed is dié, rowerrrrr?" en hy hou die deel van sy vinger waar die vetterigigheid blink onder Doubell se neus.

"Jou gat gaan ek so toestop, jy gaan nooit weer in jou lewe kan k-k nie. Jy sal verstop rowerrrrrrrrrr! Het jy my?!"

Ek wil aan die lag raak, ek kon myself nie inhou nie. Ek sukkel om mooi regop te bly staan en nie aan die ruk te gaan van die lag nie. Ek probeer inhou, maar my tande soek varser lug en ontbloot hulself aan die korporaal. Ek staan en visualiseer hoe Doubell gaan lyk . . .

Korporaal Van Rooyen kom staan voor my. "En jy, wat is vir jou nou so snaaks?" bulder hy.

"Korporaal, dit was snaaks wat korporaal gesê het," sê ek met al die nodige agting wat ek op daardie oomblik kon toon.

"Snaaaaaaaks!" skreeu die korporaal en stap aan. "Julle maatjies is besig om mekaar in die rug te steek!" skreeu hy vir almal. "Ek tel drie dan beweeg julle na buite in staan in gelid. Een, twee . . . rowerrr! Wie het gesê jy mag beweeg? Julle maatjie is besig om julle in die verleentheid te stel."

Die woord "sshhhnnnyy" met 'n wysvinger wat rondgeswaai word was 'n aanduiding dat jy moes beweeg of hardloop.

"Een, twee, sssshhhny!".

Soos sardientjies storm ons uit vir ons eerste klippe kou - sonder brood.

BESITLIKE MA

My ma is baie besitlik. Sy bel my en sê goed soos: "Jy was gisteraand uit. Waar was jy?"
Dan antwoord ek: "Ek is besig om ma te verneuk met 'n ander ma."

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan resepte #16

Tannie Marizanne Viljoen skryf:

Ek het toevallig op jou "So Maak Mens " afgekom en het iets besonders om vir jou te vertel. Ek en my man het in 1968 in die destydse Rhodesië gebly (Zimbabwe).Ek was maar 23 jaar oud (nou 67!) en het min van kook en bak geweet.
Ek het na 'n ligte, flatervrye sjokoladekoekresep gesoek. Ek het vreeslik na SA verlang en na my mense. (Dit was die eerste keer dat ek ooit uit my ouerhuis in Stellenbosch weg was en dit nogal 2 000 myl ver!!)

Ek het gereeld na die SAUK geluister op mediumgolf. Daar was nog nie FM nie en ons was ver van uitsaaitorings af. Nodeloos om te sê dat dit na Radio Pofadder geklink het met al die gesuis!

Dit was Esmé en Jan se "So Maak Mens" op die lug en sowaar Esmé sê: "Sjokolade Chiffonkoek!" Ek gryp die naaste flenter papier en met 'n gekrabbel om alles afgeskryf te kry in 'n kort tydjie, pen ek die resep neer!! Ek bak dit tot vandag toe - heerlik lig en flatervry! My twee oudste dogters het ook met Karooboere getrou en dis ook hulle staatmakerresep! En hier is die resep:

SJOKOLADE CHIFFONKOEK

BESTANDDELE:
1 k koekmeel
1 k strooisuiker
½ k kakao
2 t bakpoeier(hoogvol)
¼ t sout
½ k kookolie
½ k kookwater
4 eiers (wit en geel apart)
1 t vanilla

1. Sif 1 k meel, 1 k strooisuiker, ½ k kakao,2 t bakpoeier en ¼ t sout saam.
2. Gooi ½ k kookolie en kookwater saam, voeg by droë mengsel en meng goed.
3. Voeg geel van eiers by en meng goed.
4. Klop eierwit styf en voeg by – ook vanilla.
5. Bak 25 min. lank op 180 ºC

My oudste dogter laat die kakao uit as sy 'n wit koek wil bak en vervang dit met koekmeel. Dan het mens sommer 'n heerlike wit koek. Ek vervang boonop die water met lemoensap en bak dan 'n heerlike lemoenkoek!

OUTYDSE MATE

Oor sout hoeveelhede en ander ou mates in ou resepte het Esmé en Jan die volgende gesê:

Knippie sout: die hoeveelheid sout wat jy tussen wysvinger en duim kan vasknyp.
Knypie sout: tussen duim, wysvinger en middelvinger.
Grypie sout : tussen die punte van al 5 vingers.
½ pint = 1 k = 250 ml
1 pond meel = 4 k
1 pd botter / margarien = 2 k
1 pd korrelsuiker = 2 k
1 ons = 30 g
8 onse = 250 g
1 pond = 500 g
180 ºC = 350 ºF = Matige oond
240 ºC = 475 ºF = Warm oond

Die volledige bedankingslys sal ná afloop van al die plasings verskyn. Die volledige reeks sal ook in e-boekformaat beskikbaar gestel word. Dié wat egter nie tot dan kan wag nie, kry jou KAMMANUUS!

Groetnis
Retha

Onthou julle nog toe moeders in Amerika hul kinders beveel het om al hul kos te eet omdat daar kinders in Afrika is wat sterf van die honger? Wel, ma, baie dankie. Die mense in Afrika sterf steeds van honger, en in Amerika is al die kinders oorgewig.
— Larry Baum.

AGTEROS

Net voor uitspantyd

Ou Simon en die gemoerde koffie

"Mooi pak Simon ses rou eiers uit 'n tassie op die tafel en maak sy skoenveters los."

Die waarheid is gewoonlik baie erger as fiksie, en die volgende waar storie is genoeg om enige mens twee keer te laat kyk na wat hy by die werk eet en drink.

Enige bank, poskantoor of prokureur het maar 'n bode wat allerhande los werkies ook moet doen, soos om die pos te gaan haal, toilette skoon te maak, vloere te mop en in die meeste gevalle sommer ook koffie en tee vir die kantoor personeel te maak.

In onse ou klein dorpie, Moerlandspan, waar ek vandaan kom, is die enigste bode sommer alles en mens sien hulle sommer heel dag so beweeg tussen al die plekke waar niemand lus voel om heen te loop nie.

Die lede van ons eie bank, en hier kan ek beslis nie die naam noem nie, was elke dag stiptelik op hul pos, van die bestuurder tot die bode.

Ou Simon, die bode, was soos baie ander bodes, maar effens van 'n slons. Die mooi woord is 'n regte ou vuilgat. Rooi gesuipte oë, goudgeel tande van al die BB twak wat hy met koerantpapier rook, stukkende uniform (want hy verkoop die nuwes) en 'n natuurlike klankie wat genoeg is om die meeste mense te laat sidder.

Die dames in die kantoor het gedurig gekla oor Simon so vrot afstof, nie mooi skoonmaak nie, en daai klankie van hom was een te veel! Soggens nadat Simon almal se koffie gemaak het, het hulle hom dadelik soveel takies moontlik gegee om hom net uit die bank te kry, wat Simon natuurlik erg misbruik het, en meestal vol papsakwyn onder 'n boom lê en slaap het, altyd sonder sokkies.

Die klankie was afkomstig van Simon se besondere liefde vir hard gekookte eiers, waarvan hy elke liewe dag ten minse ses verorber het met middagete, afkomstig van sy eie henne wat om sy kaia in die lokasie skrop.

Dis totdat Koos, die nuwe bankbestuurder een dag uit pure moedeloosheid die besemkas agter in die bank loop oopgeruk het op soek na skoonmaakmiddels, dat hy iets vreemd deur die agterruit gesien het.

Rustig aan die slaap lê ou Simon onder die boom, vol hard gekookte eiers. 'n Paar nat sokkies is opgehang aan die venster se diefwering, daar agter waar niemand ooit kom nie. Koos het een en een bymekaar gesit en die volgende oggend vir Simon oral waar hy gaan onopsigtelik gevolg en tot sy ewige spyt gesien wat daar gebeur.

Die bank het so 'n 15 liter blink staal urn met styfpassende deksel wat sommer heeldag so staan en prut vir koffie water. En dis hier waar die groot opgooi vir Koos kom staan en wag het.

So kom Simon in en gaan tap die urn vol water, skakel hom aan en gaan sit al te rustig op die stoel langs die tafel.

Mooi pak Simon ses rou eiers uit 'n tassie op die tafel en maak sy skoenveters los. Daarna trek hy sy sokkies uit, plaas drie eiers in elke sokkie en hang elke sokkie vernuftig oor die rand van die urn in die koffiewater en knyp hulle met die deksel vas.

Soos die koffiewater kook, so kook Simon se eiers, en kry sy sokkies sommer 'n lekker was ook.

Koos sê nadat hy sy laaste stuk dikderm uitgekots en die res van die personeel mekaar vertrap het om hulle mangels te loop uitskeur voor die toilet, het hulle ou Simon dik gemoer en summier op pensioen gesit.

Tot vandag toe staan daai urn in die stoor en drink die personeel bottelwater en koeldrank!

Dis nou regte moer koffie, om gemoer te word oor koffie!